

JAARVERSLAG 2006

DIE INSTITUSIONELE FORUM

Die Institusionele Forum (IF) is 'n adviesliggaam wat, ingevolge die Wet op Hoër Onderwys (Art. 31(1) van Wet 101 van 1997), die Raad van advies bedien oor beleidsaangeleenthede, met inbegrip van die uitvoering van die bepalings van vermeldde wet en die nasionale beleid op hoër onderwys.

Die bedrywighede van die IF word, wanneer haalbaar, deur drie taakgroepe – die taakgroepe vir Diversiteit en Billikheid, vir Institusionele Beplanning en vir Institusionele Kultuur – gekanaliseer. Die taakgroepe word, wanneer nodig, aangevul deur ad hoc-groepe. Taakgroepe het die opdrag om sake in diepte te ondersoek wat aan hulle toegewys is en moet by die IF daarvoor verslag doen en hulle adviseer, sodat die IF daarna weldeurdagte advies aan die Raad kan lewer.

Samestelling

Die Institusionele Forum bestaan uit agt-en-twintig lede, sewe uit elk van vier groeperinge wat soos volg saamgestel is:

Beheer- en Bestuurssektor: Twee lede van die Raad verkies deur die Raad, drie lede van die Senaat verkies deur die Senaat, een lid van die Bestuur aangewys deur die Bestuur, en die Registrateur of 'n persoon wat deur die Registrateur aangewys word.

Personeelsektor: Twee lede verkies uit eie geledere deur die permanente nie-professorale akademiese personeel, een lid uit eie geledere aangewys deur die akademiese ondersteuningsdienste, twee lede uit eie geledere verkies deur erkende vakbonde, en twee lede uit eie geledere verkies deur administratiewe ondersteuningsdienste.

Studentesektor: Twee lede van die Studenteraad verkies deur die Studenteraad, twee lede van die Primkomitee aangewys deur die Primkomitee, een lid aangewys deur die studenteverenigings, en twee lede van die Akademiese Belangeraad aangewys deur die Akademiese Belangeraad.

Gemeenskapsektor: Twee lede van die konvokasie aangewys deur die president van die konvokasie, en vyf persone uit eie geledere aangewys deur verteenwoordigende liggame van die burgerlike samelewing.

Verslag van die Institusionele Forum oor 2006 se werksaamhede

Algemeen

Die IF se werksaamhede gedurende 2006 kan in twee dele verdeel word, nl. aan die een kant die normale pligte om die US Raad van advies bedien en kommentaar op die toepassing van die Wet op Hoëronderwys, Wet 101 van 1997 deur die Bestuur van die Universiteit, te lewer. Aan die ander kant is indringende gesprekke tydens 'n beplanningsberaad (en daarna) gevoer oor wat die rol van die IF behoort te wees. Dit gaan veral daaroor of die IF streng net by die wetlik voorgeskrewe pligte en verantwoordelikhede moet bly of moet daar meer gefokusde betrokkeheid by spesifieke sake, bv. gemeenskapsinteraksie, wees. Hierdie tweede aspek sal, totdat 'n bevredigende antwoord verkry is, deurlopend op die agenda bly.

In die 2006-verslagjaar het die IF oor enkele aspekte advies in die vorm van formele rapporte aan die US Raad gelewer:

Die US se Beleid aangaande Senior Aanstellings

Die IF het, op grond van kommentaar in die selfevalueringsverslag, asook 'n vorige rapport aan die Raad (4/2005) opnuut versoek dat die US Raad dit moet oorweeg om die beleid te hersien.

Die US se Beleid insake die ontginning van Intellektuele Eiendom

Die IF het die voorgestelde wysigings aan die beleid oorweeg en tot die slotsom gekom dat, met twee kleinere wysigings wat voorgestel word, die beleid 'n groot bydrae lewer tot die regulering en beskerming van die intellektuele prosesse op kampus.

Die US Reglement insake prosedure by die Aanstelling van 'n Rektor en van Viserektore

Die reglement is in besonderhede bespreek en verskeie wysigings is voorgestel waarvan die meerderheid deur die Raad aanvaar is. Hierdie gewysigde reglement slaag daarin om onduidelikhede van die vorige weergawe uit te skakel.

Moontlike heraanstelling van die Viserektor (Onderrig) en die Rektor

Die IF het, in lyn met die US Reglement insake prosedure by die Aanstelling van 'n Rektor en van Viserektore, die Raad van advies bedien oor die aanstelbaarheid van beide die persone.

Die US se Leer- en Onderrigbeleid

Die IF het hierdie beleid deeglik oorweeg en bevind dat dit 'n weldeurdrag en goed geformuleerde beleid is. Wat wel kommer by die IF wek is tot watter mate huidige en

toekomstige studente bewus is van die inhoud en implikasies van al die beleide en reglemente wat hulle raak. Hierdie saak geniet verdere aandag.

Ten slotte

Die IF het gedurende 2006 daarop voortgebou om bekend te raak as 'n forum waar sake in diepte bespreek kan word. Ten einde die doel te bereik word daar voortdurend selfondersoek gedoen oor die rol van die IF op kampus. As uitvloeiing van die beplanningsberaad word daar deurlopend besin is oor die rol van die IF en, indien nodig, die nodige aanpassings gedoen in die werkswyse. Die samestelling van die IF geniet ook aandag.

In die geheel neem die IF aktief deel aan besprekings rondom kwessies wat die US raak, en bly die uitnodiging staan dat enige persoon sake wat te make het met beleid, kultuur of beplanning aan die US, onder die IF se aandag kan bring vir debat en bespreking.

Die IF is tevrede dat sy gedurende 2006 wel 'n sinvolle bydrae tot die werksaamhede van die Universiteit gemaak het.

Le Roux Burrows

Voorsitter